IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Datum: 09/11/2007
Saaknommer: 14466/2004

ONRAPORTEERBAAR

In die saak tussen:

DAWIE KOEKEMOER — EISER

en

ESTIAAN HOUY — EERSTE VERWEERDER

JACQUES WINTERBACH — TWEEDE VERWEERDER

RICHARD RY AN VAN HUYSSTEEN — DERDE VERWEERDER

JASON VAN HUYSSTEEN — VIERDE VERWEERDER

~

---

UITSPRAAK

FABRICIUS WR

1. Eiser het die vier Verweerders gedagvaar vir skade voortspruitend uit 'n aanranding wat op 9 Januarie 2004 en te Jaco se Gat, Witrivier, plaasgevind het. Die bewering in die besonderhede van vordering is dat die Verweerders die Eiser onregmatiglik aangerand het deur hom met die voorkop te slaan, deur hom met gebalde vuiste te slaan en/of met die oop hand te klap, deur hom met 'n stomp voorwerp te slaan

en deur ham met die geskoende voet te skop, welke aanranding op die Eiser se gehele liggaam plaasgevind het. Besonderhede van die beserings opgedoen word in paragraaf 5 uiteengesit. Die kwantum en meriete is by ooreenkoms geskei en ek het sodanige bevel gemaak. Mnr L Visser het namens die Eiser opgetree, Juf Vermaak namens Eerste- en Tweede Verweerders en Derde- en Vierde Verweerders het in persoon opgetree na onttrekking van hulle prokureur op 23 Oktober 2007. Ingevolge bede 1 eis die Eiser betaling van die tersaaklike bedrag teen die Verweerders gesamentlik en afsonderlik, die een betaal die ander kwytgeskeld te word.

2. 'n Aantal aanhangsels tot die dagvaarding is ter sake, onder andere 7(a), (b) en (c). Aanhangsel 7(a), 'n aansoekvorm aan geneesheer vir ondersoek ingeval van 'n beweerde aanranding, vermeld die volgende onder die hoof *"Kort beskrywing"* van die betrokke insident:

> *"The complainant was assaulted by* +- 12 *guys with unknown object on his lips."*

Die betrokke geneesheer, Dr M Barry, het aanhangsel 7(b) (J88) voltooi en die volgende onder andere opgemerk:

> *"Allegedly assaulted by band of youth, hit with metal pipe, kicked in the body,*

*hit with fists.* "

Besonderhede van die beserings word dan in paragraaf 5 van hierdie vorm uiteengesit, welke dan ook verder op aanhangsel 7( c) uiteengesit word. Dit blyk dat daar beserings was op die Eiser se hoof, rug, bors en gesig, asook die linker- en regterborskas, soos aangedui op die betrokke skets. Eiser het later ook getuig dat sy neus ook gebreek was en die ander beserings aan sy sig, blyk uit die fotobundel, bewysstuk "B", foto's 1 tot 4, wat hoofsaaklike snye aan Eiser se lippe toon wat klaarblyklik ook heftig gebloei het as 'n gevolg.

3. In die betrokke verweerskrif is namens Eerste-, Derde- en Vierde Verweerders gepleit dat slegs Eerste Verweerder die Eiser met die gebalde vuis geslaan het, dat sodanige optrede nie onregmatig was nie en dat Eiser 'n onregmatige aanval op die Verweerders uitgevoer het deur oor die kroegtoonbank te spring en Eerste Verweerder te slaan met die gebalde vuis. Eerste Verweerder pleit verder dat hy redelike gronde gehad het om te glo dat hy en die ander Verweerders in fisiese gevaar verkeer het. Sy handeling was redelik en geregverdig en noodsaaklik. Namens Tweede Verweerder is gepleit dat slegs die Eerste Verweerder die Eiser met 'n gebalde vuis geslaan het en verder het Tweede Verweerder ontken dat sy optrede onregmatig was. Na die afle van getuienis het Eerste Verweerder sy pleit gewysig deur aan te voer dat Eiser 'n onregmatige aanval op horn uitgevoer het deur hom met die kop te slaan en te dreig om hom met 'n bottel aan te rand. Die Tweede Verweerder het soortgelyk sy pleit gewysig deur te pleit dat slegs Eerste

Verweerder die Eiser met sy kop en met 'n gebalde vuis geslaan het.

4. Volgens die kort voorverhoorkonferensienotule gehou op 1 November 2005 is die geskil tussen die partye (Verweerders het erken dat hulle op die tersaaklike tyd op die toneel was) die volgende:

> *"The only issue to be determined at the trial... is* a *question whether the defendants or any of them assaulted the plaintiff."*

Wat betref die bewyslas en die onus om te begin, is die volgende te paragraaf 11.1 gesê:

> *"It is stipulated that the plaintiff bears the onus to begin as well* as *to prove that the defendants acted unlawfully and animo injuriandi in injuring the plaintiff.* "

Dit blyk dat met verwysing na die *"animo injuriandi*" niks anders bedoel was as *"opset"* nie. Dit is verder ooreengekom in paragraaf 11.2 dat:

> *"It is stipulated that those defendants who wish to rely on self-defence has (sic) to establish the occasion for self-defence."*

Myns insiens verwys hierdie ooreenkoms na nie veel meer as na die vereistes waaraan 'n afweer handeling moet voldoen (in die konteks van onregmatigheid) so os uiteengesit in Deliktereg, 4de Uitgawe, Neethling Potgieter Visser, Butterworth, 2001 te 87, paragraaf 6.2.3 nie. Waar die Verweerders dus op 'n regverdigingsgrond staatmaat moet hulle hierdie grond bewys. Sien in hierdie verband Mugwena & another v Minister of Safety & Security 2006(4) SA 150 (SCA) te 159 D - H; en Minister of Safety & Security v Ntamo 2003(1) SA 547 (SCA) te 549 C - E.

Wat die bewyslas aanbetref, was dit ook een van die redes wat my genoop het om die aansoek om absolusie aan die einde van Eiser se saak te weier.

5. Op 26 Desember 2003 het daar 'n voorval by 'n kroeg by name van Bahati plaasgevind wat van belang is in die konteks van Eiser se geloofwaardigheid, en in die konteks van die submissie van Eiser se advokaat, dat die aanval op ham op 9 Januarie 2004 'n sogenaamde wraakaanval was deur al die Verweerders, as gevolg van die betrokke insident by Bahati. Ek noem net enkele relevante aspekte van hierdie voorval, maar ek het geen van die feite aan my voorgehou uit die oog verloor me. Eiser het getuig dat hy en sy vriend Frank Lottering op die betrokke aand (ongeveer 22h30) met twee aparte voertuie daar aangekom het, 'n paar drankies gaan drink het en daarna buite van mekaar afskeid geneem het. Eiser se venster was afgedraai om vir Frank totsiens te se. Kort daarna stap vier mans na hom toe,

wie nie aan hom bekend was nie, maar wie later geblyk het die vier Verweerders te wees, en die Tweede Verweerder se toe vir hom om sy voertuig ('n Cortina bakkie) te "rev". Hy se toe dat hy besig is om te vertrek en die Tweede Verweerder steek toe sy kop in die voertuig in, herhaal weer sy versoek dat hy die voertuig moet "rev", en begin aggressief raak. Die ander drie Verweerders gaan na die passasiersdeur, maak die deur oop en die Vierde Verweerder probeer hom aanrand, terwyl die Tweede Verweerder na sy keel gryp. Hy besef toe dat hy in gevaar verkeer en bring sy vuurwapen (rewolwer) tevoorskyn en rig die wapen na die stuurwiel se kant sodat die Verweerders die wapen kon sien. Sy vriend, Frank, snel hom toe tot hulp, en by die passasiersdeur was hy toe met die Derde en Vierde Verweerders en nog iemand in 'n vuisgeveg betrokke. Frank klim toe in sy voertuig in en skree angstiglik vir hom om te ry. Hy doen dit en die Verweerders gooi die voertuig met glase. Later die aand het hulle Frank se voertuig gaan haal.

Onder kruisverhoor deur Juf Vermaak het Eiser eerstens geen antwoord gegee toe hy gevra is of hy hoegenaamd skuldig voel oor sy rol by die twee insidente, maar het na 'n ruk toegegee dat dit moontlik was dat hy op die eerste geleentheid ook gevloek het, maar dat hy nie presies kon onthou wat alles gebeur het as gevolg van die verloop van tyd. Die tweede insident het egter kort daarna plaasgevind op 9 Januarie 2004. Hy skat dat hy so twee drankies by Bahati gedrink het, en dat hulle egter van Malelane afkomstig was, waar hulle die betrokke dag nie gedrink het nie. Hy kon ook nie verduidelik waarom die Tweede Verweerder hom gevra het om sy voertuig te "rev" nie. Hy het toegegee dat dit vreemd was. Dit was ook eienaardig

dat die Verweerders so aggressief geraak het na sy weiering om dit te doen. Dit was aan hom gestel dat hy en sy vriend in een voertuig daar aangekom het, dat hulle musiek kliphard was en dat hy aanmekaar sy motor "gerev" het. Hy is toe gevra om dit te staak en dit was die rede vir die onderonsie. Tweede tot Vierde Verweerders het buite die kroeg gestaan en het beswaar gemaak teen sy luidrugtige optrede. Eiser het dit ontken, en het ook ontken dat hy sy vuurwapen op die betrokke Verweerders gerig het. Hy het egter erken dat hy drie skote in die grond in geskiet het terwyl hy onder die indruk was dat die betrokke Verweerders hom agtervolg. In dieselfde asem se hy egter dat niemand inderdaad agter hom was nie, en dat die Verweerders net na 'n voertuig gehardloop het. Hy het op daardie stadium Tweede tot Vierde Verweerders glad nie geken nie. Op hierdie betrokke weergawe was die Eerste Verweerder dus nie by hierdie insident betrokke nie. Eiser het tydens die beskrywing van hierdie betrokke voorval nie 'n goeie indruk gemaak nie, en sy beskrywing van die oorsaak van die betrokke onderonsie, naamlik dat drie vreemdelinge hom sou vra om sy bakkie se enjin te "rev" en hom daarna sou wou aanrand, het so onwaarskynlik geklink dat sy eie advokaat later tydens betoog toegegee het dat dit nie kan waar wees nie. Dit was natuurlik ook opmerklik dat hy tydens die aflê van sy getuienis in hoof nie 'n woord gesê het van die drie skote wat hy afgevuur het nie. Ek glo ook die betrokke Verweerders waar hulle later getuig het, soos aan Eiser gestel, dat Eiser sy vuurwapen op hulle gerig het. Waar daar dus 'n konflik is tussen die getuienis van Eiser en die Verweerders wat betref hierdie betrokke insident, glo ek die Eiser glad nie, en bevind ek verder dat sy weergawe oor die rol van die betrokke Verweerders inherent onwaarskynlik

is. Mnr Visser kon ook nie anders betoog oor Verweerders se beweerde versoek dat Eiser sy kar moet "rev".

6. By die beoordeling van die feite rakende hierdie insident asook die van 9 Januarie 2004 is ek bewus van my plig om nie 'n onredelike leuenstoelbenadering te volg nie. Ek neem ook die tydsverloop in ag, maarwat betref die betrokke insident, glo ek nie die Eiser nie, waar sy getuienis bots met die van die Verweerders.

7. Op 9 Januarie 2004 het hy en Frank by Jaco se Gat (hierna "Jaco") aangekom nadat hulle eers by twee ander kroeë, naamlik Rocky's en Lions Pub gedrink het. Hy het nooit weer die voorval by Bahati in gedagte gehad nie, en het ook nooit weer sy vuurwapen gelaai daarna nie. Die betrokke wapen was in sy kluis die aand. Dit was na 22h00 die aand. Hulle het die kroeg binnegestap, niemand buite gesien nie, maar baie mans binne en het toe 'n drankie bestel by die kroegtoonbank. Hy merk toe op dat die mans na hulle staar, vermoed probleme en se vir Frank dat dit wenslik sou wees dat hulle loop. Die Tweede Verweerder nader hom toe en se hy moet uitgaan. Hy en sy vriend Frank wou toe die kroeg verlaat, maar 9 tot 12 mans het sy pad by die deur versper, alhoewel hulle Frank laat deurstap het. Die Tweede Verweerder vra hom toe of hy die aand by Bahati onthou, en hy probeer dit ontken. Hy stap toe terug agter die toonbank in om die kroegman te vra om die polisie te skakel. Die kroegman deel hom mee dat daar geen telefoon was nie en hy staan toe agter die toonbank toe die Eerste Verweerder agter die toonbank instorm en hom vra om die toonbankgebied te verlaat. Sy pad is egter deur Derde

en Vierde Verweerders versper, en die Eerste Verweerder stamp hom toe met sy voorkop direk op sy lippe. Sy lippe is oopgekloof en het baie gebloei. Daarna was daar nog vier kopstampe op sy neus en lippe en Verweerders 2, 3 en 4 het hom ook aangeval totdat hy op die vloer agter die toonbank beland het. Daar is hy geskop. Eerste Verweerder skree aan hom om uit te gaan, trek hom aan sy hemp of arm, terwyl die ander hom aan sy klere gryp en hom na buite forseer. Alles was vol bloed. Buite links van die houtmuur sien hy 'n persoon wie hy vermoed die Vierde Verweerder te wees met 'n pyp in sy besit. 'n Groep van omtrent 9 tot 12 men se was ook daar. Iemand wou hom met die vuis slaan, maar hy koets en voel toe 'n harde hou op sy kop. Hy val weer op die plaveisel en word weer geskop. Die Tweede Verweerder skop hom toe in sy gesig, terwyl die ander hom oral geskop het, meestal op sy kop. Hy het met sy gesig teen die plaveisel gelê en het na 'n ruk op sy voete gekom en wou probeer weghardloop. Omtrent 5 meter, langs die teerpad naby die groen grasperk, en nadat die groep hom agtervolg het, het hy weereens 'n hou teen die kop gekry, op die grasperk geval, is weereens baie geskop en het toe sy bewussyn verloor. Toe hy sy bewussyn herwin was iemand steeds besig om hom te skop en het die groep hom toe regop geruk. Op daardie stadium sien hy vir J & M Sekuriteit in die teerpad staan saam met Frank by hulle voertuig. Van die mans is weer in die kroeg in en die ander het rondgestaan. Die Verweerders het op die sekuriteitsbeampte geskree en hy het toe die polisie ontbied. Sy lippe was aan repies en hy het 'n sny onder sy onderste lip gehad. Die polisie het toe opgedaag, hom gevra wie hom aangeval het en die Tweede Verweerder het toe skuld erken, en opgemerk dat hy, Eiser, die volgende keer sou

dood wees. Tweede-, Derde- en Vierde Verweerders is toe in die vangwa gelaai en die Eerste Verweerder is in die kroeg gearresteer. Hulle is na die polisiestasie geneem waar ook vriende van die vier Verweerders opgedaag het om 'n verklaring af te lê. Hy is gevra om 'n verklaring te maak, maar wou eers mediese hulp ontvang omdat hy nie in die regte toestand was nie. Hy het 'n verklaring afgelê, terwyl sy mond stukkend was en dit baie gebloei het. Later het hy mediese hulp gaan soek en het Dr Barry gesien. Steke is in sy lip gesit en hy ook vir ene Dr Retief gesien en lank na die voorval pyn verduur. 'n Breinskadering is ook gedoen en 'n opinie na 'n neurochirurg, Dr Spies, is ingewin. Hy het ook die tandarts, Dr van Duyker gesien, wie opgemerk het dat hy 'n aantal los tande gehad het. Sy neus was ook gebreek. Hy kon nie alles presies onthou en behalwe die groep van 9 tot 12 mans buite, was die vier Verweerders ook daar. Hy is ook buite deur die Eerste Verweerder geskop wat skoene gedra het, welke skoene hy weer daarna in die Hof gesien het. By die grasgedeelte en net voor hy bewussyn verloor het, het hy Tweede en Vierde Verweerders gesien. Hy het nooit terugbaklei die betrokke aand omdat hy besef het dat hy in die moeilikheid was in die lig van die teenwoordigheid van die aantal mans. Wat betref die voorval was Eiser se getuienis in sekere opsigte vaag, maar, met inagneming van die tydverloop en die omstandighede, kan dit verwag word, en ek is versigtig om nie die leuenstoelbenadering toe te pas nie. Sien **Feni v Kondzani [2000]4 ALL SA 762 (E) te 770.** Aan die anderkant is dit natuurlik opvallend dat Eiser al vier Verweerder betrek het by die aanranding op hom.

8. In sy verklaring van die 9de Januarie afgelê omtrent 22h30, verwys Eiser ook na 'n groep van 10 tot 12 mans wat hom sou konfronteer, asook die feit dat die Eerste Verweerder om met sy kop op sy lippe gestamp het, waarna hy deur al sy vriende geslaan was. Ek is egter van mening dat die inhoud van so 'n verklaring met 'n mate van omsigtigheid behandel moet word met inagneming van die omstandighede wat volgens Eiser die betrokke aand geheers het. Dit is egter opvallend dat hy nie die Tweede tot Vierde Verweerders noem nie, maar weereens wel na 'n groep van 10 tot 12 men se verwys.

9. Kruisverhoor deur Juf Vermaak namens Eerste- en Tweede Verweerders en deur Derde- en Vierde Verweerders self, het die volgende belangrike relevante getuienis opgelewer:

9.1 (Dit is nou behalwe wat ek reeds opgemerk het ten opsigte van die voorval by Bahati). Hy het heelwat gedrink die aand;

9.2 Sy vuurwapen was nie by hom, maar was in die kluis;

9.3 Hy kon nie eintlik onthou wat voor die aanranding deur die Eerste Verweerder op hom, die posisie was met betrekking tot die teenwoordigheid van die Verweerders, hoeveel mense daar was, wie waar gesit het, ens.;

9.4 Daar was egter 'n groep van 9 tot 12 mense wat hy kon sien en wie na buite

*toe* gestap het;

9.5 Hy kon egter die Tweede Verweerdervlugtig sien, alhoewel hy nie saam met daardie groep na buite *toe* is nie;

9.6 Die Tweede Verweerder het hom inderdaad aangesê om na buite *toe* te gaan nadat Frank besef het dat hulle in die moeilikheid kon wees;

9.7 Die Tweede Verweerder was aggressief en *toe* hy buite *toe* kom sien hy weereens die groep;

9.8 Die Tweede Verweerder staan voor hom en vra vir hom of hy Bahati onthou? Hy het probeer ontken, waarop iemand gesê het *"dit is hy",* die Tweede Verweerder saamgestem het en hy ook vir Derde en Vierde Verweerders gesien het wat deel van die groep was;

9.9 In die besef dat hy nou probleme sou hê, het hy na die kroegtoonbank teruggestap en wou net wegkom;

9.10 Agter die kroeg was 'n kroegman (dit het geblyk dat die Hannes Coetzee was) en hy het om gevra om die polisie te skakel;

9.11 Hy kon nie buite *toe* nie, hy kon nie enige hulp ontvang deur die polisie nie

en daar was geen vensters wat hy opgelet het nie;

9.12 Die Eerste Verweerder het ingestap, gevolg deur die Tweede tot Vierde Verweerders, maar hy was nie agter die toonbank nie;

9.13 Hy het hom egter gevra om sy kroegtoonbank te verlaat op 'n onvriendelike manier en het hom daarna met sy kop gestamp. Hy kon nie onthou waar Tweede tot Vierde Verweerders op daardie stadium was nie. Hy was nie die aggressor nie. Na hierdie hou het hy probeer keer, was paniekbevange en kon nie onthou of hy geval het nie. Hy moes egter geval het na die derde of vierde hou en hy is deur Tweede tot Vierde Verweerders ook na die kopstamp geslaan;

9.14 Hierdie aanranding het net met Verweerders se kop plaasgevind;

9.15 Daar was wel net 'n klein spasie agter die toonbank, soos 1 tot 1,5 meter, maar Tweede tot Vierde Verweerders het hom geskop terwyl hy agter die toonbank gelê het. In antwoord op die volgende vraag daarna, kon hy egter nie se wie hom geskop het nie, en hy het aangeneem dat dit die Tweede tot Vierde Verweerders was, omdat niemand anders daar was nie. Hy is van alle kante geskop;

9.16 Hy is daarna deur die Eerste Verweerder opgetrek en weet nie wie anders

dit ook gedoen het nie;

9.17 Op daardie stadium was hy al *"pap geslaan"* en sy gesig en lippe het gebloei. Hy het nie 'n bottel opgetel om die Eerste Verweerder te slaan nie, maar hy dink dat hy sy eie bottel laat val het, maar kon nie eintlik onthou nie. As gevolg het hy ontken dat hy die Eerste Verweerder met 'n bottel wou slaan. Inderdaad het hy glad nie teruggeveg nie;

9.18 Hy het ontken dat die Derde en Vierde Verweerders sy bottel gegryp het;

9.19 Hy kon nie se wie hom buite eerste geslaan het nie, het net 'n groep naby gesien, het 'n vuishou sien kom, het dan 'n harde hou teen sy kop gevoel, maar kon nie se wie hom daardie hou toegedien het nie;

9.20 Hy kon egter sien hoe die Tweede Verweerder hom skop, asook *"ander mans"* op kop en lyf;

9.21 Nadat hy omtrent 5 meter weggehardloop het, het hy links van die grasperk Tweede en Derde Verweerders gesien, 'n hou op die kop ontvang, geval en is daarna weer geskop;

9.22 Eerste Verweerder het 'n skoen aan gehad wat soos 'n stewel gelyk het met 'n hoe hak. Hy het daardie skoen weer later in die Hof gesien toe die Eerste

Verweerder dit dra. Dit was 'n ongewone tipe skoen. Hy kon egter nie se dat die Eerste Verweerder na die voorval by die toonbank weer buite was nie, maar kon wel die skoen onthou. Hy het ontken dat 'n kort vuisgeveg met die Derde Verweerder gehad het, waarna hy verskoning oor die Bahati voorval aangebied het, tabak op sy lip gesmeer was om die bloeding te stop en daarna saamgestem het om 'n drankie met Tweede en Derde Verweerders sou gedrink het;

9.23 Dit was net 'n paar minute voordat die polisie opgedaag het en hy was seker dat die Derde en Vierde Verweerders hom naby die grasperk aangerand het toe hy met die pyp geslaan was. Hy kon egter nie se waar hy geslaan is deur hul!e nie;

9.24 Hy het die Tweede *tot* die Vierde Verweerders aan die polisie uitgewys asook die Eerste Verweerder toe hy gevra is wie hom aangerand het;

9.25 Wat betref sy verklaring het hy gesê dat hy net *"riglyne"* aan die polisie wou gee omdat hy op mediese hulp aangedring het;

9.26 Hy het egter erken dat dat hy in die verklaring niks van Tweede tot Vierde Verweerders gesê het nie;

9.27 Hy het toegegee dat wat betref die uitkenning van die stewel wat die Eerste

Verweerder sou gedra het, hy verkeerd kon gewees het;

9.28 Hy het Derde Verweerder se weergawe wat aan hom gestel is, naamlik dat hy die Eerste Verweerder eerste met sy kop gestamp het, en daarna 'n bottel gegryp het ontken, asook die bewering dat tabak op sy lippe gesmeer is;

9.29 In kruisverhoor deur die Vierde Verweerder het hy weereens melding gemaak van 'n groep van 9 tot 12 mans wat buite was, dat hy nie presies kon onthou wat in die klein spasie agter die kroegtoonbank gebeur het nie, en dat hy in elk geval ook nie heeltemal seker was oor die rol van Vierde Verweerder nie. Hy kon nie se wie hy waar gesien het nie, maar soos flitse het hy agtergekom dat al vier Verweerders hom aangerand het.

10. Dr Barry het oor die Eiser se beserings getuig en die feit dat hy Eiser behandel het die oggend van die 10de Januarie 2004. Hy het ook getuig dat 'n kopstamp 'n heftige hou sou wees, dat die beserings ernstig was en verder dat dit onredelik sou wees om net na so 'n aanranding In verklaring te verlang.

11. Inspekteur van Rensburg het getuig dat hy op die 1 Ode Januarie 2004 die Eiser by die polisiestasie gesien het, gehoor het van In bakleiery by Jaco en ook Eiser se beserings aan sy lip opgemerk het. Eiser was deurmekaar en verdwaas. Die volgende dag het hy die Verweerders gesien in 'n kantoor waar hy In verklaring geneem het van die Tweede Verweerder. Hy het geen beserings aan hom gehad

nie en tydens 'n gesprek het iemand gesê (hy kon nie se wie dit gesê het nie) dat hulle Eiser *"reggesien het".* Hy het probeer vasstel wat aanleiding gegee het tot die insident op die 9de Januarie, maar die persone nie in diepte ondervra nie. (Dit is namens Eerste en Tweede Verweerders gestel dat hulle dit sou gesê het).

12. Inspekteur Swanepoel het getuig dat hy 'n verklaring van die Eerste Verweerder *afgeneem* het, dat hy 'n klein snytjie op sy haarlyn gehad het, asook 'n ander merk op sy gesig en dat dit ooreengestem het met iemand wat met die kop gestamp is. Hy het ook gesê dat hy gehoor het dat Eiser *"reggesien is",* maar hy kan ook nie onthou wie dit gesê het nie. Wat hierdie opmerking aanbetref kon hy ook nie die volle draad verstaan het nie.

13. Eerste Verweerder het getuig dat die insident by Jaco ongeveer 20h30 plaasgevind het. Hy het as kroegman daar gewerk saam met Hannes Coetzee. Hy was destyds 21 jaar oud, is die afgelope tyd 'n veldgids en is redelik skraal van bou. Hy het, soos dit geklink het, twee skote buite gehoor, het gaan kyk, kon egter niks besonders sien nie en is weer terug in die kroeg in. Hy sien toe die Eiser agter die kroegtoonbank staan met sy rug na hom toe. Die toonbank is omtrent 9 meter lank, 1 tot 1,5 meter breed en nie veel van 'n spasie agter die toonbank self nie. Omdat daar drank en geld agter die toonbank was het hy Eiser beveel om uit te kom, maar hy het nie reageer nie. Hy trek hom toe daar uit, of poog om dit te doen, waarop Eiser hom met sy kop gestamp het. Hy het hom op die regter boonste gedeelte van sy haarlyn getref. Hy het hom teruggestamp met die kop en

daarna met 'n vuishou in die gesig geslaan. Eiser het voor hierdie kopstamp niks gesê nie, en hy het hierdie aanranding ook nie verwag nie. Dit was vinnig en hy het eintlik uit instink teruggeslaan. Eiser gryp toe 'n bottel van die toonbank as gevolg waarvan die Tweede en Derde Verweerder die gebruik daarvan verhoed het, Eiser aan weerskante aan sy arms na buite toe getrek het. Hyself is badkamer toe gevat waar sy wond afgewas is. Daarna is hy terug kroeg toe en na 'n ruk het die polisie hom gearresteer. Hy het in selfverdediging opgetree en hy weet ook nie wat buite die kroeg gebeur het nie. Eiser het glad nie geval agter die toonbank nie en is ook nie aangerand deur die ander Verweerders nie. Hy het erken dat hy die aand omtrent twee drankies gedrink het, niks van Bahati se voorval geweet het nie, en Eiser ook nie sien instap het nie. 'n Aantal mense het buite ook gebraai. Die Tweede en die Derde Verweerders was ook daar buite gewees. Hy het die Eiser gestamp met sy kop nadat hy hom agter die toonbank wou uitpluk. Hy kon nie se waar die ander Verweerders was toe hy self weer terug in die kroeg gestap het nie. Hy het drie jaar vir die eerste rugbyspan van die Rob Ferreira Hoërskool gespeel en hy al tevore 'n vuisgeveg op die rugbyveld gehad, welke insidente elke nou en dan uit die aard van die saak plaasgevind het. Hy het geen idee gehad wat met Eiser sou gebeur het nadat die Tweede en Derde Verweerders hom agter die toonbank verwyder het nie, maar hy het nie gedink dat daar enige gevaar van aanranding op Eiser sou wees nie. Hy het vryelik toegegee dat hy die besering op foto nommer 1 aan Eiser kon toegedien het. Die voorval het vinnig plaasgevind, maar daar was geen aanranding op Eiser terwyl hy op die grond gelê het nie. Hy het nie gedink dat dit nodig was om 'n klagte teen Eiser te lê nie, en hy het ook

geen behandeling vir sy wond gekry nie. Dit kon wees dat foto 1 meer as twee houe weerspieël, maar twee houe was sy selfverdedigingsreaksie gewees. By die polisiestasie na die voorval is die skoenveters verwyder, van die wat skoene aangehad het, maar hyself het plakkies gedra. Eiser het ook nie gespring oor die toonbank nie, en het hom net met sy kop gestamp. Eerste Verweerder het 'n goeie indruk op my gemaak. Hy het sy aandeel by die kroeg die betrokke aand heel openhartig beskryf, en my vaste indruk van al sy getuienis was dat hy eerlik gesê het wat hy gedoen het en wat hy van die ander Verweerders se rol die aand geweet het. Net soos in die geval van Eiser (asook die ander Verweerders) het ek ook nie van hom verwag om met inagneming van die aard van die insident en die tydsverloop elke liewe beweging van óf die Eiser, óf die Verweerders, óf ander met presiesheid kon of onthou, óf oor getuig het nie. My algehele indruk na beoordeling van alle tersaaklike feite is dat ek kan aanvaar dat hy Eiser twee houe in selfverdediging toegeken het, maar dat hy daarna nie die Eiser verder aangerand het of agter die toonbank of buite nie, en dat Eiser ook nie verder agter die toonbank aangerand is deur die ander Verweerders nie. Sy verdediging was myns insiens proporsioneel tot die aanval op hom (sien **Feni supra te** 769) en op die feite wat hy myns insiens ook nie 'n mede-dader met die ander Verweerders om 'n "wraakaanval" die aand op Eiser te loods. In hierdie konteks is 'n mede-dader 'n persoon wat bewustelik met ander meewerk om 'n onregmatige daad te pleeg. Sien in hierdie konteks **Deliktereg, supra te** 287. 'n Persoon kan slegs as 'n mede dader aangespreek word indien hy inderdaad deliktueel teenoor die Eiser

aanspreeklik is en in hierdie verband is die vraag of Eerste Verweerder hom verweer het, en proporsioneel tot die aanranding opgetree het. Ek beantwoord beide vrae bevestigend met inagneming van Eiser se getuienis in geheel, en die getuienis van elke Verweerder kummulatief gesien, met inagneming van my indrukke van die Verweerders en die kern van hulle getuienis, asook die omringende waarskynlikhede.

14. Tweede Verweerder getuig dat hy, die Derde en die Vierde Verweerders by Bahati was en dat hy en die Derde Verweerder buite toe gegaan het op 'n stadium en met mekaar gesels het. Die Vierde Verweerder was toe nog binne. Hulle het nog Eiser, nog sy vriend Lottering, geken en terwyl hulle daar gestaan en gesels het, het Eiser aangery gekom, harde musiek was in sy motor gespeel en hy het die motor "gerev". Hy is gevra om sy musiek sagter te sit en om op te hou om so 'n lawaai te maak, Eiser het op hulle gevloek, 'n woordewisseling het ontstaan waarop Eiser sy rewolwer op hulle gerig het. Hulle het teruggestaan en Eiser het weggery en naby die verkeersligte drie skote afgevuur vermoedelik in hulle rigting. Hy het ontken dat hy sy kop in Eiser se voertuig ingesteek het. Ek het reeds met hierdie getuienis gehandel in die konteks van Eiser se weergawe, wat ek verwerp het sonder veel of enige weerstand van sy advokaat wat betref die insident by Bahati.

15. Op 9 Januarie was hy by Jaco. Hy het gehoor wat hy vermoed het twee skote te wees, en hy en die Eerste en Derde Verweerder is uit om te gaan kyk wat die oorsaak sou gewees het. Hulle het saam met hulle meisies om 'n tafel gesit op

daardie stadium. Hulle kon niks buitengewoon sien nie en is weer in die kroeg in (dit wil se hyself, Eerste en Derde Verweerder). Hy sien toe Eiser agter die kroegtoonbank en het hom herken. Hy sien dat Eiser die Eerste Verweerder met sy kop stamp en dat Eerste Verweerder hom terugstamp en hom met een of twee vuishoue getref het. Eiser het toe 'n bottel opgetel, waar die ander kroegman, Derde Verweerder, die Eerste Verweerder tot hulp gesnel. Die ander kroegman, Hannes Coetzee, het die bottel uit Eiser se hand gegryp. Hy en die Derde Verweerder het Eiser toe aan sy arms gegryp en wou hom uit die kroeg uitstoot. Hy het hom losgeruk, 'n hou na Derde Verweerder geslaan, wie hom toe teruggeslaan het. Eiser het nooit op die grond gelê in die kroeg of agter die kroegtoonbank, en is ook nie daar in die klein spasie geskop nie. Eiser en die Derde Verweerder was in 'n kort geveg betrokke nadat Eiser losgeruk het en altwee het 'n paar houe "ingekry". Daarna het Eiser pad se kant toe geloop en geval. Toe hulle by hom was het hy gesê dat hy jammer was oor die Sahati voorval, maar dat hy drank was. Derde Verweerder het toe tabak op sy lippe gesmeer en hom gevra of hy lus vir 'n drankie was. Op daardie stadium het Eiser nie gelyk soos hy op foto no 1 lyk nie. Hy het duidelik die sny op sy lip gesien en die Tweede Verweerder het inderdaad 'n drankie vir hom by die ander kroegman gaan haal en na buite geneem. Suite het hulle Eiser heeltyd onder oë gehad en dit is waar dat Eiser die enigste vreemdeling was onder 'n groep van sowat 20 vriende. Hy erken dat dit dom van Eiser was om die Eerste Verweerder aan te rand, alhoewel Eiser self omtrent 1,9 meter lank is en omtrent 110 kg geweeg het. Die geveg buite tussen Eiser en die Derde Verweerder was soos die in 'n bokskryt, van 'n kort tyd, sowat 10 tot 15 sekondes en elkeen het

'n paar vuishoue geslaan. Met betrekking tot die ander beserings wat Dr Barry van getuig het, het hy gesê dat hy kon hulle nie verklaar nie, het nie gesien dat Eiser geskop word of met 'n pyp geslaan word of in sy gesig geskop word nie, en dat hulle, wat by die kroeg was, in elk geval nie sodanige barbare was om so 'n aanval uit te voer nie. Die Vierde Verweerder was nie daar toe hulle hom opgetel het naby die gras nie en inderdaad het dit gelyk dat Eiser daar gestrompel het. Hy het ook nie gesien dat iemand anders vir Eiser aangerand het tot en met die sekuriteitsfirma daar opgedaag het nie. Dit was net 'n kort vuisgeveg gewees en niemand het vir die Derde Verweerder gehelp nie. Hy het ook ontken dat Eiser ooit sy bewussyn verloor het en hy het ook ontken dat hulle vir Eiser wou 'n les geleer het of dat daar sprake van 'n "wraakaanval" was. By die polisiestasie het hy ook nie gehoor dat iemand genoem het dat hulle Eiser 'n les wou geleer het nie.

16. Derde Verweerder het in wese die weergawe van die Tweede Verweerder aangaande die insident by Bahati bevestig. Wat betref die insident by Jaco, het hy ook bevestig dat hy gesien het hoe Eiser die Eerste Verweerder met sy voorkop stamp. Hy het ook gesien dat Eiser 'n bottel op die toonbank gryp en dat beide hy en Hannes Coetzee 'n aanranding daarmee verhoed het. Hy het ook bevestig dat hy en die Tweede Verweerder die Eiser na buite getrek het, waar Eiser losgeruk het en 'n hou na hom geslaan het. Hy het teruggeslaan en was daar 'n kort geveg waar elkeen so twee tot drie houe geslaan het. Daarna het Eiser gehardloop, gestruikel en geval op die sypaadjie. Op daardie stadium het hy gesê dat hy jammer is oor die voorval by Bahati, dat hy dronk was en daarna het hulle tabak op sy lippe gesit

om die bloeding te keer. Wat betref die meer ernstige beserings waaroor Dr Barry getuig het, meen hy dat Eiser in 'n geveg by Lions Pub, wat omtrent langsaan Jaco was, betrokke was voordat hy by Jaco aangekom het om hulp te soek. Hy dink dat dit waarskynlik is dat Frank Lottering J & M Sekuriteit by Mega Paints gekry het, en dat die polisie op daardie stadium geskakel was. Dit verklaar hoekom hulle so vinnig op die toneel by Jaco was. Hy het ontken dat hy of enige van die ander Verweerders die Eiser geskop het. Eiser het ook nie agter die kroegtoonbank geval nie, en inderdaad het Tweede Verweerder vir Eiser buite 'n drankie aangebied, wat hy aanvaar het en hy het self die drankies gaan haal. Hy het die betrokke aand plakkies aangehad en die Vierde Verweerder het tekkies aangehad. Op daardie stadium was Eiser baie groter as Derde Verweerder, en inderdaad meen ek dat hy heelwat groter is as enige van die vier Verweerders.

17. Die Vierde Verweerder het getuig dat hy nie veel van die betrokke insidente weet nie. Wat betref die voorval by Jaco het hy gesien dat Tweede en Derde Verweerders die Eiser na buite toe trek, maar het nie gesien wat buite gebeur het nie. Nie een van die Verweerders het stewels aangehad, en hyself het glad nie die Eiser geken nie. Hy het hom ook nie by Bahati gesien nie. Hy het ook nie gesien hoe Eiser by Jaco inkom nie, maar het gesien dat Eiser vir die Eerste Verweerder met sy kop stamp. Hy het ook 'n hou van die Eerste Verweerder gesien. Hy het later die polisie van die insident by Bahati vertel en op daardie stadium was sy hare omtrent net 1 cm lank en nie, soos in die Hof, lank tot oor sy ore nie.

18. Derde en Vierde Verweerders het heel bekwaam hulle saak waargeneem en het in getuienis 'n goeie indruk op my gemaak. Hulle was eerlik oor hulle betrokkenheid en ook eerlik oor hulle aandadigheid by vorige vuisgevegte. Ek is van mening dat ook Derde Verweerder proporsioneel opgetree het in die konteks van Eiser se aanval op ham. Mnr Visser, namens Eiser, het tydens betoog toegegee dat die Vierde Verweerder nie aanspreeklik gehou kan word nie. Hierdie toegewing is gemaak ten spyte van die direkte getuienis van Eiser op my vraag of Derde en Vierde Verweerder hom aangerand het, waarop sy antwoord bevestigend was, en veral na die aanranding by die grasperk verwys het toe hy met 'n pyp geslaan is volgens hom. Op ander geleenthede het hy ook getuig dat die Vierde Verweerder betrokke was by 'n aanranding op hom. Tydens kruisondervraging van die Vierde Verweerder het hy ook gesê dat hy vir ham agter die toonbank geskop het, en dat hy hom tydens die aanranding op hom inderdaad aan sy lang blonde hare herken het. Ek moet net noem in hierdie verband dat aanvaarbare getuienis aangebied was dat Vierde Verweerder, as lid van die eerste rugbyspan, teen die einde van 2003 al sy hare laat afskeer het. Ten tye van die betrokke voorval was hulle miskien +- solank soos 'n vuurhoutjie. Tydens die kruisondervraging deur die Vierde Verweerder het Eiser herhaaldelik gesê dat hy nie die hele aand in detail kon onthou nie, en dat hy inderdaad nie kon se wie hy waar gesien het nie, maar dat hy wel agtergekom het dat die Vierde Verweerder hom aangerand het. Alles was soos flitse egter.

19. Ek is van mening dat hierdie toegewing van die Eiser inderdaad die gebeurtenis op

9 Januarie meer waarskynlik weerspieël as die wat hy in getuienis in hoof voorgegee het. Dit is gemenesaak op die getuienis in sy geheel dat Eiser geslaan is. Ek is egter van mening dat waar die vier Verweerders 'n bewyslas op hulle gehad het, hulle hulleself daarvan gekwyt het, en dat die aanranding op Eiser plaasgevind het soos die Verweerders dit beskryf het en nie soos die Eiser nie. In sy geheel het Eiser 'n baie onbevredigende indruk agtergelaat, en dit was my spesifieke indruk na ontleding van al die getuienis dat hy die gebeurtenisse op die betrokke aand rekonstrueer het deur middel van vae herinneringe en terugflitse, en met inagneming van feite wat gemenesaak was, naamlik dat daar wel 'n geveg plaasgevind het tussen hom en die Eerste, Tweede en Derde Verweerders. Myns insiens strook hierdie bevinding met my waarneming van die Eiser en die Verweerders in die Hof, met direkte teenstrydighede tussen Eiser en die Verweerder se weergawe, en met inagneming van van die meeste van die beserings wat Eiser opgedoen het. Wat sy getuienis aanbetref oor die skoppe wat hy toegedien is op meerdere geleenthede, aanvaar ek ook Verweerders se getuienis dat hulle geen skoene aangehad het nie en nog minder 'n stewel. Met inagneming van die gebeurtenisse soos geskets is ek ook dus van mening dat daar geen sprake kan wees dat Eerste, Tweede en Derde Verweerders mede-daders was met 'n gesamentlike doel om Eiser die betrokke aand brutaal aan te val, en/of om hom "reg te sien" vir die gebeurtenis op 26 Desember by Bahati. In die lig daarvan het ek elk van die Verweerders op sy eie handeling beoordeel, en is ek van mening dat hulle eie handeling proporsioneel was tot Eiser se aanval op elkeen van hulle soos geskets. Dit laat volgens my nog een vraag in die lug: wanneer en deur

wie is die besering op Eiser se kop en agter die regteroor toegedien? Volgens Dr Barrywas hierdie kneusings toegedien deur 'n stomp voorwerp of voorwerpe en sou nie deur 'n vuis veroorsaak gewees het nie. Verweerders het ontken dat hulle Eiser met óf 'n stuk hout, óf 'n pyp so geslaan het, en hulle het heftig ontken dat hulle so barbaars sou optree. Die ander kopstampe en vuishoue het hulle geredelik erken. So 'n hou of houe sou die dader se vuis beskadig het en daar is geen getuienis dat die Verweerders se hande sodanig beseer was.

20. Volgens Eiser het hy ten minste op twee geleenthede geval, en een keer op die plaveisel buite Laca. Hy het egter ook op twee geleenthede direkte melding gemaak van 'n voorwerp wat vir hom soos 'n pyp gelyk het, en inderdaad die Vierde Verweerder, onder andere, daarby betrek. Sy advokaat het egter verkies om nie op daardie getuienis staat te maak nie. Die teorie van Derde Verweerder is ook nie so vergesog in die konteks van die betrokke gebeurtenisse van die aand nie. Ek is ook van mening dat Dr Barry ook nie getuig het dat die betrokke kneusings op Eiser se kop en agterkop net deur 'n pyp veroorsaak was nie. Daar is myns insiens nie deur Eiser bewys dat hy inderdaad met 'n pyp geslaan is nie, nog minder deur die Verweerders, en ek is derhalwe van mening dat dit onnodig is om verder hieroor te spekuleer.

21. Met inagneming van bogenoemde in sy geheel beskou is ek van mening dat Tweede Derde en Vierde Verweerders hulle van hulle bewyslas gekwyt het in die konteks van hulle verweer dat hulle hulle self teen 'n aanval van Eiser verdedig het.



Die aanval op Eiser, soos oor getuig deur die betrokke Verweerders was dus nie onregmatig nie. Die gevolg is dat Eiser se eis van die hand gewys word met koste.

GETEKEN te PRETORIA op hierdie 8de dag van NOVEMBER 2007.

**H J FABRICIUS SC**
**WAARNEMENDE REGTERTRANSV**
**AALSE PROVINSIALE AFDELING**